

25/93

Saak nr 409/91

E du Plooy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

VRYSTAAT KOÖPERASIE BEPERK

Appellant

en

GERT STEPHANUS CRONJE

Respondent

Coram: HOEXTER, VAN HEERDEN, KUMLEBEN, F H GROSSKOPF ARR

et HOWIE Wn AR

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

4 Maart 1993.

11 Maart 1993.

---

U I T S P R A A KF H GROSSKOPF AR:

Daar sal in hierdie uitspraak na die appellant as eiser en na die respondent as verweerder verwys word. Die verweerder het hom op 4 Mei 1983 as borg en medehoofskuldenaar teenoor die eiser verbind vir die behoorlike betaling van Nicsyl Landgoed (Edms) Beperk, later Nicsyl Landgoed BK, ("Nicsyl") se skulde aan die eiser. Nicsyl het versuim om sy verpligtinge teenoor die eiser behoorlik na te kom, en op 1 Augustus 1985 neem die eiser vonnis by verstek teen Nicsyl. Op 15 April 1987 dagvaar die eiser die verweerder as borg en medehoofskuldenaar vir betaling van die bedrag van R313 358,34, "synde balans verskuldig deur verweerder aan eiser vir goedere verkoop en gelewer deur eiser aan Nicsyl ... tot en met 27 Augustus 1986". In die eiser se deklarasie word die bewering herhaal dat die bedrag van

R313 358,34 aan die eiser verskuldig is "ten aansien van goedere gelewer en verkoop" deur die eiser aan Nicsyl. Nóg die dagvaarding nóg die deklarasie bevat egter enige bewering dat die eiser en Nicsyl ooit ooreengekom het dat Nicsyl ook verplig sou wees om rente op agterstallige bedrae aan die eiser te betaal. Hoewel dit gemene saak is dat die eis van R313 358,34 wel opgehoopte rente insluit, is daar geen verwysing na sodanige rente in die eiser se pleitstukke nie, en is dit ook nie uiteengesit op watter basis Nicsyl vir die betaling van enige rente aanspreeklik sou wees nie. Dit blyk uit die getuienis van die eiser se eertydse kredietbestuurder dat Nicsyl se rekening 'n ou rekening was, en dat reeds in 1984 selfs soveel as helfte van die totale skuld uit rente kon bestaan het. Hoe daardie rente bereken is, en wat die omvang daarvan was, is egter nie in die pleitstukke uiteengesit nie - en trouens ook nie in die loop van getuienis opgeklaar nie.

...Die verweerder het in sy verweerskrif gepleit

dat hy geen kennis dra van die korrektheid van die eiser se bewerings in hierdie verband nie, en die eiser tot bewys daarvan gestel.

Die eiser se advokaat (wat nie self die pleitstukke opgestel het nie) het betoog dat die kwessie van rente wel in die nadere besonderhede tot die eiser se deklarasie ter sprake kom. Dit word naamlik in die nadere besonderhede beweer dat die eiser Nicsyl se aanbod om te koop telkens aanvaar het op die terme wat op die keersy van die betrokke verkoopsfaktuur uiteengesit is. Daar is 'n dokument by die eiser se nadere besonderhede aangeheg waarop sekere "verkoopsvoorwaardes" uiteengesit word. Een van daardie "voorwaardes" is dat die eiser hom die reg voorbehou om binne sy diskresie goedere op rekening aan klante te verskaf,

"op voorwaarde dat die klant aan wie die goedere op rekening verskaf word ooreenkom en instem dat sodanige goedere deur die klant op rekening geneem word ingevolge die bepalinge van die kredietbeleid soos van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure van die Koöperasie [die eiser] vasgestel en om rente op agterstallige bedrae voorspruitende uit hierdie verkope te

betaal teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure van die Koöperasie vasgestel".

Hierdie sydelingse verwysing in die nadere besonderhede na sekere verkoopsvoorwaardes is na my oordeel heeltemal ontoereikend om een van die belangrikste bestanddele van die gevorderde bedrag, nl. van rente, te fundeer. Ek kan terloops noem dat daar in elk geval geen getuienis tydens die verhoor aangebied is wat toon dat hierdie verkoopsvoorwaardes hoegenaamd op die onderhawige geval van toepassing is nie, of dat die gemelde voorwaarde dat Nicsyl "ooreenkom en instem" ooit nagekom is nie.

Dit blyk dus dat die betaling van rente op agterstallige bedrae nooit deel uitgemaak het van die eiser se eisorsaak nie. Die dagvaarding bevat wel 'n eis vir sogenaamde ooreengekome rente teen 15% per jaar vanaf 1 Maart 1987 tot datum van betaling op die gevorderde bedrag van R313 358,34. Dit is egter gemene saak dat geen so 'n ooreenkoms met betrekking tot rente

bewys is nie. In die deklarasie word daar wel rente a tempore morae geëis.

Die eiser se eis van R313 358,34, soos uiteengesit in sy pleitstukke, was klaarblyklik gebaseer op 'n rekening wat aangetoon het dat Nicsyl 'n bedrag van R313 358,34 op 1 Maart 1987 aan die eiser verskuldig was. Daardie rekening is deur die eiser se prokureur as korrek gesertifiseer en tydens die verhoor as bewysstuk ingehandig. Die borgakte wat die verweerder geteken het, het trouens bepaal dat 'n rekening wat deur die eiser se prokureurs gesertifiseer is, "prima facie bewys (sal) wees van die juistheid van die gegewens uiteengesit in sodanige rekening". By die verhoor van die saak in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling het die eiser egter nie op daardie rekening gesteun nie, maar wel op 'n latere rekening wat getoon het dat daar na inagneming van verdere debiete en krediete, 'n balans van R252 503,53 deur Nicsyl aan die eiser verskuldig was. Hierdie rekening, wat ook deur die eiser se prokureur as korrek

gesertifiseer is, het die posisie weergegee soos op 30 April 1989, 'n datum meer as twee jaar na uitreiking van dagvaarding. Die verhoorhof het na aanhoor van getuienis, en op sterkte van laasgenoemde rekening, vonnis ten gunste van die eiser toegestaan ten bedrae van R244 924,54, tesame met rente daarop teen 15% per jaar vanaf 1 Mei 1989 tot datum van betaling, en koste.

Die verweerder het met verlof van die verhoorhof na die volle hof van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling geappelleer, terwyl die eiser daarna met spesiale verlof na hierdie hof geappelleer het.

Die hof a quo het bevind dat die rekening van 30 April 1989 waarop die eiser in die verhoorhof gesteun het, debiete in berekening gebring wat ná uitreiking van dagvaardiging ontstaan het en wat dus nooit geëis was nie. Daarbenewens het hierdie rekening verskeie debietitems bevat wat geensins tuisgebring kon word onder die eiser se eisorsaak van "goedere verkoop en gelewer", soos in sy pleitstukke uiteengesit nie. Dit blyk uit die --

uitspraak van die hof a quo dat die eiser se advokaat in daardie hof toegegee het dat die getuienis voor die verhoorhof buite die pleitstukke gegaan het, maar dat hy desnieteenstaande nie om wysiging van die pleitstukke gevra het nie. Ook in hierdie hof was daar geen aansoek om wysiging van die eiser se pleitstukke nie.

Rente is die belangrikste van die debiete in die rekening van 30 April 1989 wat nie deur die eiser se pleitstukke gedek is nie. Die rente wat Nicsyl volgens hierdie rekening verskuldig is, bedra R227 968,06. Dit is rente wat vir die tydperk 1 April 1984 tot 30 April 1989 teen Nicsyl se rekening gedebiteer is. Die eiser se advokaat het betoog dat selfs indien hierdie rente buite rekening gelaat sou word, en dus afgetrek sou word van die bedrag van R244 924, 54 wat die verhoorhof aan die eiser toegestaan het, die eiser in elk geval geregtig sou wees op vonnis vir 'n bedrag van R16 956,48. Daardie argument verloor egter uit die oog dat daar ook voor 1 April 1984 rente teen Nicsyl gehef is, wat dan eweneens

van die eiser se eis afgetrek moet word. Dit is egter onseker watter bedrag daardie vroeëre rente beloop het, met die gevolg dat die eiser steeds nie die omvang van die balans van sy eis, indien enige, bewys het nie. Ek stem derhalwe met respek saam met die hof a quo se bevinding dat die eiser nie sy eis bewys het nie, en dat die bevel van die verhoorhof vervang moet word met 'n bevel van absolusie van die instansie met koste.

Daar is ook 'n ander rede waarom die onderhawige appèl na my mening nie behoort te slaag nie. Die eiser volhard steeds met die bewering in sy dagvaarding dat die gevorderde bedrag van R313 358 ,34 die balans verteenwoordig wat Nicsyl op 27 Augustus 1986 aan die eiser verskuldig was. Dié bewering is waarskynlik foutief, maar daar was geen aansoek om bostaande datum in die eiser se dagvaardiging te wysig nie. Die bewering soos dit staan, bring mee dat alle inbetalings of krediete op Nicsyl se rekening na 27 Augustus 1986, ook tot voordeel van die verweerder

gereken moet word. Dit is gemene saak dat 'n totale bedrag van R321 193 ,24 gedurende die tydperk 20 Oktober 1986 tot 1 September 1988 op Nicsyl se rekening afbetaal is en dus teen die rekening gekrediteer moet word. Daarbenewens is die partye dit eens dat die verweerder op verdere krediete van ten minste R2 253, 80 geregtig is. Daardie krediete beloop meer as die eiser se totale eis van R313 358 ,34 en sou die eis heeltemal uitgewis het. Die eiser het egter rente a tempore morae in sy deklarasie geëis. Indien sodanige rente bereken word vanaf datum van dagvaarding, teen die voorgeskrewe koerse, en op die balans bedrag wat van tyd tot tyd verskuldig was, sou daar na die laaste afbetaling op Nicsyl se rekening op 1 September 1988 slegs 'n paar duisend rand aan die eiser verskuldig gewees het. Die eiser het nie hierdie bedrag probeer bereken nie. Die omvang van enige balans bedrag wat nog verskuldig mag wees, is dus nie bewys nie. Ook op hierdie basis moes die verhoorhof na my oordeel dus 'n bevel van absolusie

van die instansie gegee het. Die hof a quo het die bevel van die verhoorhof reeds dienooreenkomstig gewysig.

Die appèl word gevolglik van die hand gewys met koste.

---

F H GROSSKOPF, AR

HOEXTER AR)

VAN HEERDEN AR)

KUMLEBEN AR)

HOWIE Wn AR)

Stem saam.